KENNUUS

TEL: 011 955 1074 / 1081 FAKS: 011 955 1075
Posbus 3100 Kenmare 1745
Webwerf: www.laerskoolkenmare.co.za

JAARGANG 6 NUUSBRIEF 10 (1ste) 17 MAART 2011

UIT DIE HOOF SE PEN!

Moeilik om te glo, maar die eerste skoolkwartaal lê op sy rug. Dit beteken dat daar reeds amper drie maande van die jaar verbygesnel het.

*Kyk ons na mense om ons, sien ons dat mense vinnig leef – dikwels dalk té vinnig. Ons eet nooit saam ontbyt nie – **daar is nie tyd nie**. Smiddae laat by die huis op die stoep sit en kuier..., bestaan nie – **daar is nie tyd nie.** Saans na ete om die eetkamertafel sit en gesels oor die lewe, gebeur nie – **daar is nie tyd nie**.*

Het ons nog tyd vir stil word, vir gesinspret, tyd om die dinge te doen waaroor ons dol is? Ons beweeg dalk so vinnig dat ons ons menswees, ons drome en dikwels onsself in die proses verloor het.

שבועות

*Dalk moet ons **tyd neem** om te besin oor die bekende Ken Blanchard se beginsel oor effektief leef, wanneer hy sê:*

*"**When I slow down, I go faster.**"*

Kom ons stop vir 'n oomblik ons dolle gejaag en besin oor waar ons dalk stadiger kan beweeg. Is alles waaragter ons aanjaag regtig die moeite werd? Het dit werklik lewenswaarde? Kom ons beweeg stadig genoeg om die sonsopkoms te waardeer, die rose langs die pad te ruik en die mense naaste aan ons te geniet, te waardeer en lief te hê.

*Kom ons doen nie goed **aan** mense nie , kom ons doen goed **saam met** mense. Sterkte vir die laaste skoolweek van kwartaal 1.*

17 Maart	*Donderdag*	*Knikkie Ouer-onderhoude* ***WISKUNDE OLIMPIADE WORD GESKRYF*** ***GEEN BUITEMUURSE AKTIWITEITE***
18 Maart	*Vrydag*	*Atletiek: SA Kampioenskappe te Germiston* ***TOETS: TEGNOLOGIE (Gr 4 – 7)***
19 Maart	*Saterdag*	*Atletiek: SA Kampioenskappe te Germiston*
20 Maart	*Sondag*	*Rugby: KONKA (0/9 & 0/10)*
21 Maart	*Maandag*	*MENSEREGTEDAG – VAKANSIEDAG* *Rugby: KONKA (0/9 & 0/10)*
22 Maart	*Dinsdag*	*Rugby: KONKA (0/9 & 0/10)* *Netbal: D2 Finale Proewe (0/12 & 0/13) te REM* ***TOETS: KUNS & KULTUUR (Gr 7)***
23 Maart	*Woensdag*	*Koor: Jnr-oefening 07:30; Snr-oefening 14:00)*
24 Maart	*Donderdag*	*Knikkie: Oupa & Ouma-dag, Atletiek & Foto's* *Tennis: Jnr (14:00-15:00) Snr (15:00-16:00)* *Netbal: Konka (0/10 – 0/13)*
25 Maart	*Vrydag*	*Skool sluit (11:00)* *Netbal: Konka (0/10 – 0/13)* *Pretdag!*
26 Maart	*Saterdag*	*Netbal: Konka (0/10 – 0/13)*

ONDERRIGGELDE

Met hierdie skrywe wil ons baie, baie dankie sê aan ons staatmakerouers, wat die skoolgelde so getrou betaal. U maak dit vir ons moontlik om ons vele verpligtinge na te kom. Nogmaals dankie.

Daar is egter enkele ouers wat nog nie betaal het nie, ons vra u samewerking ook hier. Kontak mev. Magda Senekal by die kantoor indien u probleme ondervind met die betaling.

In terme van Afdeling 39 van die SASA is ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal. Bankbesonderhede:

ABSA – KRUGERSDORP; TJEKREK.NO. 01099240152;
TAKKODE: 632 005; Naam: LAERSKOOL KENMARE,
meld asseblief die verwysingsnommer: (bv 3CRON04)

KLEREBANK

Die klerebank is op Woensdae en
Donderdae oop vanaf 13:00 tot 14:00.
Mev. Delovia van Eeden gaan dit vir ons beman. BAIE DANKIE!!

Maandag tot Vrydag oop vanaf 10:00 tot 10:15.

HONGER!!!! KOM ONS ONDERSTEUN **KFC** *IN NOORDHEUWEL!!*

Proud Supporter of your School
Noordheuwel 011 954 6793
it's finger lickin' good.

PERSONALIA

Verjaarsdag:

Baie geluk aan: Juff. Hermine Lourens (22/3) en Inge Nieuwoudt (24/3) met hul verjaarsdae. Ons bid hul 'n geseënde nuwe lewensjaar toe vol liefde en geluk!

Kursusse bygewoon:

Comprehension & Reading: Juff. Riekie van Niekerk en Petro Laidlaw

Positiewe Bestuur vir vandag: Mnr Kallie, Juff. Marietjie Mostert & Hermine asook Mnre. Senings en Alwyn.

Saterdag by Princess Crossing is 'n **"Shavathon vir Cansa"** gehou. Die groepie vrywilligers, was almal toevallig van Kenmare!!!

Ware staatmaker kampioene wat definitief hulle "***voorbeeld verkoop"*** het!!!

Daar is R5 100 ingesamel

Welgedaan – ons is trots op julle!!.

Imke Higgo het deelgeneem aan die "Talent Africa National" Kompetisie vir dans in Klerksdorp op 5 Maart 2011 waar sy 1 goue en 1 silwer medalje verwerf het. Sy is gekies as deel van die SA-span wat in Julie 2011 gaan deelneem aan die "Talent America" -kompetisie in New York

Luisa & Imke Higgo is ook deel van die SA-span wat Suid-Afrika gaan verteenwoordig tydens die "World Dance Masters Championship" in Porec, Croatia, vanaf 15 Mei tot 23 Mei 2011.

± 3500 dansers van 25 lande gaan aan die kompetisie deelneem en Suid-Afrika gaan vir die eerste keer deelneem.

Ons hou vir julle duimvas!!

VERVOERDIENS

"KIDDIES TAXI"

Ons vervoer kinders skool toe in die oggende
en in die middae van skool na huis/naskoolsentrums.
Vervoer ook laatmiddag vanaf skool, kleuterskool,
naskoolsentrum na huis.
Kontak : Renè 0829712310

"Ek sou kon doen met 'n
MILJOEN"

Wiskunde Olimpiade word vandag geskryf!!!
Dankie aan al die Kennie Kampioene wat die duisende laat inrol....!!



makro
STRUBENS VALLEY

Ouers het verlede week vorms ontvang vir Makrokaarte.

Voltooi dit asseblief!! en stuur voor Dinsdag, terug skool toe. (Dit werk soos die MY SCHOOL-KAART) Hoe meer kaarte aan die skool gekoppel word – hoe groter is die finansiële voordeel vir die skool – sonder moeite!!

Indien u reeds 'n kaart(e) het – meld net die nommers op die vorm, sodat dit aan die skool gekoppel kan word. Baie dankie!

Drie van ons dogters het die oudisies geslaag, gekeur deur Heinz Winkler, om deel te neem aan die finale rondte van die Hoërskool Linden Idols Kompetisie.

Jenique Hougaard
Kelsey Laubsher
Jessica de Wet

Ons vra dat alle Kennies hulle sal gaan ondersteun op die wonderlike aand:

Vrydagaand, 25 Maart 2011 om 20h00.
Hoërskool Linden Sportvelde - Hope vermaak en stalletjies.

HOOFBEOORDELAARS:
ELVIS BLUE EN HEINZ WINKLER**.**

Die wenner van albei kategorieë sal aangekondig word - Junior en Senior Idol.

Die wenner sal dan Saterdagaand, 26 Maart 2011 die gaskunstenaars wees vir BOBBY VAN JAARSVELD.

Jou kaartjie van R100-00 verseker toegang tot albei aande - Kom geniet 'n lekker ontspanne fees saam met Hoërskool Linden!!!!!

Sumari Venter (Graad 7) doen dit weer….
met haar Magic Raket!!!

Op 13 Maart het Sumari Gauteng Distrik skole 0/13 verteenwoordig vir 'n plek in die Gauteng Sentraal-span. Sy het 'n plek in die tennisspan los gespeel en gaan 26 – 29 Maart 2011 na Bloemfontein om die provinsie op die SA skole proewe te verteenwoordig. Tydens hierdie toernooi word daar dan ook skoliere gekies om "SA Skole-tennis Internasionaal" te verteenwoordig. Sterkte Sumari!!!

Redenaars om mee rekening te hou...

Op Woensdag, 15 Maart het Kenmare se redenaars weer eens bewys dat hulle ‘n vors is om mee rekening te hou! Soveel oorredingsvermoë het ons lanklaas beleef en een na die ander het die deelnemers ons verstom met hul kreatiewe toesprake en selfvertroue.

Ons beoordelaar, Me Yolande Herbst, was beïndruk met die dinamiese aanbiedings. Sy het konstruktiewe en opbouende kommentaar gelewer en elke deelnemer kon wegstap met nuttige raad en aanbevelings.

Die graadwenners was:



Graad 5 – Tristan Zeedijk, Graad 6 – Pieter Kruger en Graad 7 – Marizé Bruwer.Baie geluk!

Die ATKV-span sal eersdaags aangekondig word, hou die webwerf en die nuusbrief dop!

Baie dankie aan almal wat ‘n aandeel gehad het aan die sukses van die aand en spesiale dank aan die hoofleiers wat die funksie so suksesvol aangebied het – julle kook!!



Baie geluk aan die volgende Kennies wat voorwaar die 2011-netbalseisoen "doel"-gerig afgegooi het!

Vier van ons 0/12-span word genooi na die D2-finale proewe:

Diance Bezuidenhout, Eloise Kruger, Carla Deysel, Mischa J van Vuuren.

Twee van ons 0/13-span word genooi na die D2-finale proewe:

Marné Kriedemann en Dél-Mari van Zyl.

Baie geluk met hierdie prestasie en ons wens hierdie dogters sterkte toe vir die proewe wat plaasvind op Dinsdag, 22 Maart 2011 te REM, Randfontein!

Ons Eerste Netbalspan het ook deelgeneem aan Hoërskool Noordheuwel se "Toernooi vir Laerskole" op 7 Maart 2011 en het tweede geëindig.
Dèl-Mari van Zyl *word aangewys as die*
"Beste Verdedigende Vleuel"
en **Marné Kriedemann** *ontvang die toekenning vir die "***Beste Speelster***" van die toernooi!*

Baie geluk!

Ons is baie trots op die voorbeeld wat julle op die netbalbaan verkoop!